Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 21 Mei 2020

Gedagte van die week:
In die huwelik is dit ewe belangrik om die regte persoon **te vind** en die regte persoon **te wees**.

Teks vir Pinkster:
Romeine 12:9-21

Pinkstergebed:
O Heer U's wonderlik, my huis is oop vir U. Ek nooi U in, kom maak U tuis, en lei my deur u Woord
O Heer U's wonderlik, my hart is oop vir U. Ek wil, ek sal, u stem nou hoor, U lei my deur u Woord.

Pinkster 2020:
Ons gee aandag aan die huwelik met die tema **DUURSAME LIEFDE** en kyk daarna vanuit sewe verskillende hoeke. Die video-opnames is "unlisted" wat beteken dat jy die skakel in kolom drie nodig het. Jy mag die skakel aanstuur na mense wat jy meen daarby kan baat soos bv jou uitgebreide familie en vriendekring. Al wat jy hoef te doen is om die skakel te aktiveer. Druk die CTRL-knoppie op jou sleutelbord en hou dit in, skuif jou muis-pyltjie tot op die skakel en links-kliek of dubbel links-kliek dan daarop. As hierdie kortpad nie vir jou werk nie kan jy die skakel "highlight", dan "copy", dan by google se URL-spasie (heel bo-aan), "paste" en "enter".

Datum	Onderwerp	Youtube-skakel
Sondag 24 Mei Oggend	Opregte liefde is hartlik	https://youtu.be/6mx-fNHj6eM
Sondag 24 Mei Aand	Liefde hou nie boek nie	https://youtu.be/VKpjWxqBI3g
Maandag 25 Mei	Opregte liefde is eerbiedig en geesdriftig	https://youtu.be/_QGe0ytZo6s
Dinsdag 26 Mei	Liefde gee en vul spasies.	https://youtu.be/1HE0-WyjA-U
Woensdag 27 Mei	Opregte liefde is saam en nederig in alles	https://youtu.be/PTD-uwcmYp8
Donderdag 28 Mei	Liefde en Intimiteit	https://youtu.be/-qsFXAd5des
Sondag 31 Mei	Opregte liefde bid en help	https://youtu.be/8J6LICetKcY

Meditasie uit die lewe:
Vandag is Hemelvaartsdag. Ek het vandag 'n sestienjarige seun se begrafnisdiens gelei. Hy is aan 'n hartaanval dood. Hy was nie 'n lidmaat van ons gemeente nie, maar sy ouers werk vir een van ons lidmate, en my hulp is toe ingeroep. Hy was 'n "skateboarder" en visvanger en hy en sy stiepa was besig om 'n Kombi om te bou na 'n "Camper". Sy ma vertel dat hy, nadat 'n hond hom eendag gebyt het, in Karl Bremer-hospitaal opgeneem is. Hy is gesedeer en toe hy besig was om wakker te word, het hy, "ek maak julle tot vissers van mense", gesing. Die dokter het blykbaar geglimlag en gesê dat wanneer 'n mens wakker word na sedasie almal weet wat in jou onderbewussyn aangaan. Sy ma vertel toe verder dat hulle vriende het wat drie honde het en wanneer hulle daar gaan kuier hy altyd met die lelike enetjie gespeel het. Vandag, voor ons kerkgebou, het 'n klomp jongmense met swart broeke, T-hemde, maskers en "skateboards" die paadjie weerskante belyn in 'n stille erewag. Die ma was hartverskeurend hartseer en het haar seun se kopkussing styf vasgehou dwarsdeur die hele diens. Ek weet nie eintlik hoekom ek dit vir julle vertel nie, maar op hierdie hemelvaartsdag was dit my aardse werklikheid waarin ek magteloos teenwoordig was. En dit sal nog lank by my bly. "Life can be so beautiful **and** so broken!" So op hierdie dag is ek nog nie 'n hemelvaarder nie, maar ek is beslis 'n hemelverlanger. Lankal, maar vir eers sal ek myself positief besig hou met hierdie, "Beautiful Broken Life," en van vooraf probeer om 'n visser van mense te wees deur veral die lelike enetjies lief te hê, net soos Jesus Christus! Dankie Rudi … al het ek jou nie geken nie, het jy my iets geleer en my laat wonder wat ek sal sing wanneer ek wakker word na narkose!

Geleentheid

Miskien wil jy help. Hieronder volg die besonderhede van ‘n geleentheid waar jy kan help as jy wil. Ons neem hande in netwerke. Daar is ook ander geleenthede waar jy kan help en as jy die besonderhede wil hê, mag jy met ons skakel. Ons mag vra en bekendmaak … jy mag besluit. Alles gebeur in liefde!



Oulike idee

Miskien wil jy iets doen om honger mense te help. Maak ‘n gewone plastieksakkie vol met 1 koppie rys, halwe koppie lensies, kwart koppie droë sopmengsel, een teelepel sout. Heg die volgende reseppie aan: Gooi mengsel in 6 koppies kookwater, kook vir 30 minute, roer gereeld. Voed 4 mense.

Uitnodiging

Jy mag maar skryf en bel en sms en whatsapp. Ons wil graag deelneem aan jou lewe. Jy is ook welkom om enige getuienis, gewaarwording, gedig, lied en storie met ons te deel. Ons sal dit graag met jou toestemming by die nuusbrief wil insluit sodat my en Toit se stemme nie al is wat gehoor word nie. Hierdie is nou ‘n ideale geleentheid vir ‘n wyer luister na mekaar.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net ‘n epos wat lui “kanselleer nuusbrief” na ngkagterpaarl@telkomsa.net of jjn1@telkomsa.net